

13 Oktober Jakobus 54:13-20; (Teks: 54:16b)

Die groot krag van die gelowige se gebed

Die gebed van die gelowige het 'n kragtige uitwerking! (vers 16)

Dink maar aan Daniël wat volhardend in die leeukuil gebid het. God het hom selfs in lewensgevaar veilig bewaar.

Elia was 'n mens net soos ons. Hy het ernstig gebid dat dit nie moet reën nie en in die land het dit drie jaar en ses maande nie gereën nie. Toe het hy weer gebid en die hemel het reën gegee en die aarde het sy oes gelewer (verse 17 en 18).

So is daar talle voorbeelde in die Bybel van die groot krag van die gelowige se gebed.

Ons gebede is nie maar 'n skoot in die donker nie. Nee, wanneer ons bid, nader ons tot die ALMAGTIGE God by wie selfs die onmoontlike moontlik is. Al is my omstandighede ook hoe benard, kan ek steeds bid en glo dat God my gebede sal verhoor - op sy tyd en manier.

Christus nooi almal wat vermoeid en belas is om na Hom te kom en Hy sal rus gee. Smeek God in die gebed en jy sal van Hom hulp ontvang. Jou gebede het ook 'n kragtige uitwerking in al jou lewensomstandighede: as jy swaar kry (vers 1), as jy siek is (Vers 14), as jy gesondig het (vers 15). Ja, wat jou beproewing ook al mag wees - bid. God sal jou gebed op sy tyd en manier verhoor.

Sing: Psalm 94:3,4

Ds. W. Vogel (Welkom)